

**2 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 15:1-28 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Markus 15:23**

### **Uiterste lyding**

Die verswakke en mishandelde Knecht sit Hom teë. Hy weier om te drink wat mense aan Hom gee. Beteken die verset dat sy lyding toe nie volledig was nie en dat Hy Hom teen die smaad van mense verset het? Nog groter word die probleem wanneer Hy in vers 36 wel drink. Gee Hy uiteindelik wel toe aan die versoeking van dors? Weerspreek Hy Homself omdat sy dors onuithoudbaar geword het, en beteken dit dat sy oorwinning ook nie suiwer was nie?

Wyn gemeng met mirre kom goed te pas by die bloedstollende wreedheid van 'n kruisiging. Dit verdoof die ergste pyn. Dit verdof die sinne en maak die pyn van Golgota draaglik. En juis daarom weier Jesus. Nie om aan die volk se spot en die lyding op sy pad te ontkom nie, maar juis om die smaad en lyding voluit met helder sinne te beleef. Hy mag nie drink uit die versoeking van die mirrebeker nie, want dit is nie die beker wat sy Vader aan Hom gee nie.

Maar wat dan van vers 36? Ses uur tevore het Jesus geweier en nou drink Hy wel. Het die lyding vir Hom te veel geword? Nee, hierdie drink is nie minder gehoorsaamheid aan die Vader as die vroeëre weiering nie. Al wat na die ses uur lange marteling oorbly, is die dood. En Jesus, die Hoëpriester wat die offer bring, moet dit bewustelik doen. Daarom is daar geen sprake van 'n beswyming nie. Die suur wyn is nie ter verdoving nie, maar om vir laas nog sy krag te versterk om sy lewe bewustelik te kan aflê.

Daar is geen ongehoorsaamheid op die lydenspad nie, maar bewuste lyding tot in die dood. En dit ter wille van jou en my. Die Hoëpriester van God se volk bring die volkome offer sodat ons kan lewe. Ons ontvang volkome bevryding deur sy gehoorsaamheid. Stry daarom met jou lewe vir volkome dankbaarheid.

*Sing: Skrifberyming 7:4,5*

*Ds BC Smit (Brits-Wes)*